# IS JY 'N KIND VAN GOD

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (***kontak besonderhede verskyn elders op die webblad***)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: ROMEINE 8:11-14

**Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.**
**Rom 8:12 Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie;**
**Rom 8:13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.**
**Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.**

-o0o-

My gees ervaar 'n benoudheid om jou te **bedien** met die Woord van God en dat jy die **belange van God** op jou hart sal dra.

Die volgende twee vrae wil ek aan jou stel:

1. **Is jy werklik en waarlik 'n kind van God?**
2. **Op grond van wat kan jy sê dat jy 'n kind van God is.**

Is jy op grond van jou eie oordele, jou eie woord, jou eie maatstaf 'n kind van God?

## A. GODDELIKE MAATSTAF

Om 'n ware kind van God te wees is geen maklike taak nie.

- Die Bybel, die Woord van God is die Lig op jou pad en 'n Lamp vir jou voet, die Kompas waarop jy moet loop in jou lewe hier op aarde. Dis hierdie Woord wat jou eendag sal beoordeel of veroordeel.
- As jy goed gedoen het sal jy beoordeel word om 'n loon te ontvang, maar as jy nie goed gedoen het nie (nie God se wil gedoen het nie) sal jy veroordeel word omdat jy God se Gees verwerp het.

### 1. Raadsplan van God

**Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God**

Dit is maklik om te sê dat jy Hom aangeneem het en dat jy 'n kind van God is. Ja dit is die begin, maar wat daarna?

- Die Heilige Gees is daar om jou in die Raadsplan van God te bring.
- Daar is altyd 'n plan - jou plan, satan se plan en God se plan. Die vlees se plan sal altyd 'n probleem bly.
  - Adam en Eva het hul eie plan en wil gekies om te doen en nie die Wil van God nie, en as gevolg van hul eie wil, is die mensdom verwyder van die aangesig van God.

-o0o-

- Dit het Jesus Christus gekos om vlees te word om die verhouding met die mens te kom herstel.
- God het Sy Gees gegee om in die mens te woon om die mens te lei en te leer om die Wil van God te doen.

Daarom kan jy verseker wees dat almal wat deur die Heilige Gees gelei word, is ware kinders van God.

## B. SEUNS VAN GOD

**Mat 17:24 En toe hulle in Kapérnaüm kom, het die wat die tempelbelasting ontvang, na Petrus gegaan en gesê: Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?**
**Mat 17:25 Hy antwoord: Ja. En toe hy in die huis inkom, was Jesus hom voor en sê: Wat dink jy, Simon? Van wie neem die konings van die aarde tol of belasting—van hulle seuns of van die vreemdelinge?**
**Mat 17:26 Petrus antwoord Hom: Van die vreemdelinge. Jesus sê vir hom: Dan is die seuns vry.**

### 1. Gebondenheid

Die tempelbelasting in vers **24** is die gebondenheid van die sisteme - die gebondenheid van dit wat jy moet doen, die verpligtinge wat die mens op jou plaas en wat jy ook op jouself toe pas.

### 2. Om 'n seun van God te wees

Vers **26** antwoord Jesus vir Petrus en sê: "*Dan is die seuns vry*".

Hierdie is baie diep woorde. As jy kan bely dat jy 'n kind van God is, is jy veronderstel om vry te wees en gelei te word deur die Gees van God.

- Het jy vanoggend die Here gevra om jou te lei deur die dag, om jou dag vir jou te beplan?
- Het jy jouself aan die Here toegewy en gevra dat Sy Wil moet geskied soos dit opgeskryf staan, "*soos in die hemele so ook op die aarde*". Jy bid maklik die Onse Vader maar weet nie altyd wat jy bid nie. (Matthéüs 6:9-14)
- Daar is 'n Raadsplan wat God in die hemele neergeskryf het, wat jy besig is om uit te voer, of is jy besig om jou man, jou vrou, jou familie en ander se raadsplanne te vervul?.

*Die seuns van God word gelei deur die Gees van God en die Gees kan jou lei en alles met jou doen.*

## C. WIE IS HIERDIE SEUNS VAN GOD?

**Mat 17:27 Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi 'n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.**

### 1. Eerstelinge van Sy opstanding

Wie is die eerste vis wat uitgetrek is? Dit is hulle wat eerstelinge is van Sy opstanding, eersgeborenes in die Gees.

Diegene wie gesterf het vir die vlees, hulself tot niet verklaar en verloën het. Dit is hulle wat gesterf het vir die wêreld, vir sisteme en tradisies en alle gebondenheid, en deur die Gees van God opgewek is as 'n nuwe skepsel in Christus Jesus waarin die Gees van God in beheer is.

-o0o-

**Romeine. 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon**

Hulle wat die eerstelinge is in die Gees wat die met die Rhema woord, die goue muntstuk, die starter in hulle monde het.

- Dit is soos Rebekka wat neergedaal het in die put, met 'n leë kruik en het uitgekom met die vol kruik op haar skouer;
- Die Rhema Woord is soos die bruid van Christus Jesus; Sy liggaam wat in Sy dood gedoop is wat die eerstelinge is van die opstanding wat die Rhema woord in hulle mond dra , sodat hulle kan sê: *"In die Naam van die Here, so sê die Here".*

### 2. <u>Vleeslike Begeertes</u>

Word jy regtig deur die Gees van God gelei of word jy deur jou eie toenemende emosies en vleeslike begeertes gelei?

Soms plaas die Here 'n dringendheid op jou hart om iets vir Hom te doen maar jy het altyd verskonings.

Sou jy 'n vakansie gewen het of iemand borg jou vir 'n vakansie, dan sal jy alles in jou vermoë doen om dit te kan meemaak, soos byvoorbeeld verlof reëlings by jou werkgewer. Wanneer dit egter by die dinge van die Here kom, is daar altyd verskonings om dit nie te kan nakom nie. Bitter min mense sal regtig opofferinge maak om God se Wil te doen.

- Word jy regtig deur die Wil van God gelei? Is die Heilige Gees waarlik nommer een in jou lewe?
- Is jy besig om die begeertes en die tekorte van die bruidegom te vervul, want dis waarvoor die bruid daar is. Die bruid is nie daar as gevolg van wat die bruidegom haar bied nie. Die bruid volg die bruidegom as gevolg van die liefde en om die behoefte van die bruidegom te vervul.
- Is jy in die plek waar God se Wil jou lei, en waarlik 'n kind van God?
- Is die Heilige Gees regtig in beheer van jou lewe?

Die seuns is vry en onderdanig aan die Gees.

## D. <u>BEWANDEL DIE PAD</u>

Daar is paaie in jou lewe waarop geskryf staan: My man se wil; my vrou se wil, my ma se wil, my drank se wil, baas se wil, en vele meer wat alles doellose paaie is.

Die enigste pad wat jy kan bewandel is 'n baie nou een en jy gaan dit geensins maklik vind nie. Nêrens in die hele Bybel belowe Jesus vir ons as Sy kinders, 'n gemaklike lewe en oorvloed nie. Maar Hy belowe telkemale dat die beloning die moeite werd sal wees vir die wat uithou.

God se Wil moet altyd eerste wees. Jy kan nie geseën word as jy nie op die regte pad is, en nie weet hoe om dit te gebruik wat aan jou toevertrou word nie. God word dan verhinder om aan jou te voorsien. Jy kan net geseënd wees as jy die Wil van God doen.

- Elke belofte in Sy Woord het 'n voorwaarde. *Jy moet die voorwaarde vervul voor die belofte van God op jou kan afkom*.
  - God gee die versekering dat dit die enigste pad is waar jy Hom sal vind.
  - Op die nou pad sal Hy jou optel as jy val, jou wonde verbind as jy seerkry en tekorte aanvul.

-o0o-

Dit is voorwaar die moeite werd om op die pad te bly wat genoem word God se Wil. Jy gaan dalk nie oorvloed hê soos ander nie, maar dis die pad wat jou gees gaan bevredig en die pad wat jou sal vry maak, God se Wil.

Aan die einde van die pad sal jy hoor: *Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel* (Matt 25:21)

- Laat die Gees in jou hart werk en beoordeel jouself.
- Word jy deur God se Gees gelei of deur sisteme? Vra die Gees van die Here om aan jou te openbaar wat verkeerd is.
- As jy vry is sal jy onderdanig wees aan God se Gees.

Mag die Here hierdie boodskap en vir julle wat dit lees, seën!

Prys Sy Wonderlike Naam!

-o0o-